

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saak Nr. : 904/2006

In die saak tussen:-

HC PRINSLOO

Eiser

en

PADONGELUKKEFONDS

Verweerder

AANGEHOOR: 20 FEBRUARIE 2014

UITSPRAAK DEUR: C. REINDERS, WnR

GELEWER OP: 27 MAART 2014

[1] Hierdie aksie spruit voort uit 'n insident op 21 April 2001 waartydens die Eiser as voetganger beseer is toe hy deur 'n motor getref is (hierna genoem "die insident"). Die Verweerder as statutêre versekeraar in terme van die Padongelukkefondswet 56 van 1996 word aangespreek vir skade weens die liggaamlike beserings wat Eiser opgedoen het as gevolg van die voormelde insident.

[2] Die meriete is bereg op 'n persentasie van 80/20 ten gunste van die Eiser. Met die aanvang van die verhoor ter beregting

van die kwantum is ek meegedeel dat 'n ooreenkoms tussen die partye bereik is met betrekking tot paragraaf 6 van die Eiser se Gewysigde Besonderhede van Vordering, en wel as volg:

1. Reeds gelede mediese uitgawes R 114 541,23
2. Algemene Skade R 350 000,00
3. 'n Onderneming deur die verweerder in terme van art 17(4)(a) van Wet 56 van 1996 vir die Eiser se toekomstige mediese uitgawes.

[3] Die enigste oorblywende hoofde van skade wat deur my bereg moet word is derhalwe die Eiser se eis vir sy verlies aan verdienste (soos verwoord in paragraaf 6), beide vir reeds gelede asook toekomstige skade. 'n Bundel dokumente getiteld "Bundel vir Hof" is aan my opgehandig en gemerk as Bewysstuk "A". Twee verdere dokumente is opgehandig en onderskeidelik Bewysstuk "B" en "C" gemerk. Namens die Eiser het hyself en mnr Pieter Cohen (Cohen), 'n vorige werknemer van die Eiser, getuig. Die Verweerder het geen getuies geroep nie.

[4] Soos vermeld in par [3] hierbo het die Eiser gedagvaar vir 'n verlies aan verdienste (loss of income). Voor my is egter deurentyd getuienis aangebied en submissies gemaak deur beide partye waartydens die terme verlies aan verdienste en verlies aan verdienvermoë (loss of earning capacity) afwisselend gebruik is. Mnr Berry namens die Verweerder het deeglike en omvattende hoofde van betoog opgehandig

waarin hy deurentyd gebruik gemaak het van die term verlies aan verdienvermoë. Prof Ebben van Zyl, bedryfsielkundige, het 'n volledige verslag uitgebring en blyk die volgende voorts uit die gesamentlike notule van die partye se deskundiges: dat dit nie in geskil is dat die Eiser as gevolg van die beserings wat hy opgedoen het sekere fisiese take nie meer kan uitvoer nie en dat dit gemeensaak is dat die Eiser weens sy fisies beperkings 'n plaasbestuurder aangestel het om hom by te staan sedert Maart 2002 (met 'n basiese salaris en byvoordele wat insluit gratis behuising, water en elektrisiteit en telefoongebruik ("byvoordele"), en dat die Eiser derhalwe vergoed moet word vanaf 2002 tot en met 65-jarige ouderdom vir die plaasbestuurder se aanstelling indien 'n verlies aan inkomste bewys sou word. Die deskundiges kom tot die volgende slotsom:

"We agree that mr Prinsloo has suffered various losses such as his loss of earning capacity stated above."

- [5] Met verwysing na **Rudman v Road Accident Fund** 2003 (2) HHA par [10] laat Blignaut J in **Heese obo Peters v Road Accident Fund** 2012 (6) SA 496 (WCC) par [61] hom as volg uit :

"It is now firmly established that a claim sometimes described as one for the loss of earnings is in fact a claim for the loss of the claimant's earning capacity, which is an asset in his estate."

- [6] Ek is derhalwe tevrede dat die aard van die Eiser se eis wat deur my bereg moet word 'n eis is vir sy verlies aan reeds gelede verdienste en toekomstige verdienvermoë. Hierdie skade wat gely is en sal word deur die Eiser as direkte gevolg van sy beserings tydens die insident, word deur die bedryfsielkundiges in monetêre waarde omgesit as die uitgawe ten opsigte van die aanstel van 'n plaasbestuurder.
- [7] Ten tyde van die opdoen van die beserings soos bevestig deur die ortopediese chirurg Dr JJ Fourie, het die Eiser 'n vee- en eierboerdery bedryf, welke hy tans steeds doen. Dr Fourie se regsmediese verslag is onbetwis en blyk dit dat Eiser beserings opgedoen het aan sy linkerknie, -enkel en – voet, blaasbeserings, asook 'n ernstige pelvisfraktuur wat hom met 'n wanbelyning en verkorting van sy regter onderste ledemaat gelaat het.
- [8] Eiser het getuig dat hy weens die beserings wat hy opgedoen het nie meer kan perdry, hardloop, op ongelyke terreine beweeg nie, swaar voorwerpe optel of vooroor kan buk nie. Dit bring mee dat hy nie meer fisiese take van die boerdery kon behartig soos voor die insident nie. Hy kon (en kan steeds) onder meer nie plaasimplimente diens (sweiswerk, herstel van windpompe, draadhekke), voertuie herstel (omruil van wiele, enjins), skape hanteer (dosering, inenting) of die hoenderbesigheid se fisiese hantering (loop op ongelyke hoenderhokvloere, op hurke sit, sweiswerke en dies meer) behartig nie.

- [9] Hoewel sy vader al “afgetree” het uit die boerderybedryf, het hy hom (die Eiser) aanvanklik na die insident te hulp gesnel met hierdie fisiese take tot met sy afsterwe in November 2001. Op 18 Maart 2002 het Eiser ‘n plaasbestuurder, Cohen, aangestel om fisiese take op die plaas te verrig. Cohen was sy “hande en voete” op die plaas en in sy diens tot 21 Oktober 2011. Vanaf 1 November 2012 het me Michelle Lemmer (Lemmer) die funksie van plaasbestuurder gehad (met gebruik van ‘n bakkie en gratis brandstof, maar sonder die byvoordele), terwyl Kobus Fourie (Fourie) as sodanig in diens geneem word op 1 Desember 2012 tot huidiglik.
- [10] Pieter Cohen getuig dat hy aangestel was as plaasbestuurder sedert 31 Oktober 2002 tot 27 Oktober 2011. Hy bevestig dat die bedrae, soos uiteengesit in Bewysstuk “A”, aan hom betaal is as salaris en dat hy ook byvoordele ontvang het. Hy beraam laasgenoemde konserwatief op sowat R2 500 per maand, en is dit ook die bedrag wat deur die aktuaris gebruik is vir berekeninge.
- [11] Albei getuies het my beïndruk as eerlike getuies en het ek geen rede om hul getuienis in twyfel te trek nie.
- [12] Ten tyde van die insident was die Eiser, sy vader en sy broer lede van die HT Prinsloo en Seun Beslote Korporasie (BK). Na die Eiser se vader se afsterwe aan die einde van daardie jaar het die Eiser en sy broer elkeen ‘n vyftig persent

ledebelang gehad in die voormelde BK wat Cohen se salaris betaal het. Sedert 13 Junie 2003 is die Eiser egter die enigste lid van Hennie Prinsloo Boerdery BK (ook bekend as Helpmekaar Boerdery) wat Cohen se salaris vanaf 1 Julie 2003 betaal, asook die opvolgende plaasbestuurders se salarisse.

- [13] Eiser het getuig dat die rede waarom hy die boerdery as 'n BK bedryf, is op finansiële advies dat die BK 'n belastingkorting kan kry weens registrasie as 'n kleinsakeonderneming en verdermeer die gunstige belastingkoers van 30%. Voorts hou dit die voordeel in van kontinuïteit. Hy alleen beskik oor die BK se bates. Die salaris wat aan die plaasbestuurder moet betaal word verminder die totale wins van die BK. Hy gee egter toe dat die bedrag wat betaal moet word ten opsigte van die plaasbestuurder, nie noodwendig as winsdeling aan hom uitgekeer sou word nie, maar dat hy dit kon herinvesteer as kapitaal- of bedryfsuitgawes van die BK. Aangesien Eiser die enigste lid is van die BK maak dit geen verskil of die plaasbestuurder deur homself of die BK betaal word nie.
- [14] Dit is gevestigde reg dat daar in 'n eis om 'n verlies aan verdienvermoë, 'n ondersoek gedoen word na die vraag of die Eiser se vermoë om 'n inkomste te verdien, welke beskou word as deel van sy boedel, nadelig geraak is deurdat sy boedel verminder het en, indien wel, of hy geregtig is op vergoeding tot die mate waartoe sy boedel (patrimony) verklein is, soos bevestig in **Commercial Union**

Assurance Co v Stanley 1973(1) SA 699 (A) op 705 A - C; **Santam Versekerings-maatskappy Bpk v Beyleveldt** 1973 (2) SA 146 (A) op 150 B - D, **Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd** 1979 (2) SA 904 (A) 917B - D; **Rudman** *supra* op 241F - G.

- [15] Dat die Eiser as gevolg van die beserings wat hy opgedoen het, nie meer in staat is om sekere take op sy plaas te verrig nie, is gemene saak. Dat hy gevolglik van die hulp van 'n plaasbestuurder gebruik moet maak, is ook nie in geskil nie. Trouens, die verlies aan verdienste wat die Eiser gely het en verliese wat hy gaan ly in die toekoms, word deur die deskundiges in monetêre waarde omgesit as die vergoedingspakket wat aan die plaasbestuurder betaal moet word vir sy dienste. (**Blyth v Van den Heever** 1980 (1) SA 191 Corbett AR op 226 F)
- [16] Die getuienis moet egter verder gaan en aantoon dat hierdie verlies aan verdienvermoë van die Eiser 'n verlies daargestel het wat sy boedel verklein het en gaan verklein. Mnr Berry namens die Verweerder, het die Eiser verkwalik daarvoor dat hy nie in staat was om 'n persentasie te kon koppel aan die hoeveelheid van die fisiese werk wat Cohen oorgeneem het nie, maar staan dit vas dat die Eiser nie meer in staat is om fisiese arbeid te verrig na sy beserings nie en blyk dit dat die totale hoenderboerdery se fisiese take deur die plaasbestuurder verrig moet word. Die bemarking en aflewering word deur sy vrou en 'n kantoordame gedoen. Die minimale bestuursfunksie (Eiser het aangedui dat sy

boerdery sodanig klein is dat dit nie die aanstel van ander hulp buiten die plaasbestuurder regverdig nie) van die boerdery word deur die Eiser hanteer.

- [17] Dit is gemeensaak dat die plaasbestuurder se salarispakket nog altyd deur 'n beslote korporasie betaal is. Die vraag is derhalwe of hierdie bedrag noodwendigerwys en outomaties die verlies is van die Eiser. Die totale vergoedingspakket van die plaasbestuurder stel 'n werklike geldelike verlies (actual pecuniary loss) daar. In **Santam Versekeringsmaatskappy Bpk** *supra* is by monde van Rumpff AR as volg gestel op 150 B - D:

“In 'n saak soos die onderhawige word daar namens die benadeelde skadevergoeding geëis en skade beteken die verskil tussen die vermoënsposisie van die benadeelde voor die onregmatige daad en daarna.”

- [18] Mnr Berry het aangevoer dat die verlies wat gely is die van die BK, en nie die Eiser se verlies is nie. Hy het swaar gesteun op **Rudman** *supra* waar die Hoogste Hof van Appèl die bevel gehandhaaf het van 'n laer hof waarin die Eiser se eis vir 'n verlies aan verdienvermoë afgewys is. Die afsonderlikheid van die maatskappy as regsentiteit en die Eiser se boedel is ook beklemtoon. Die Hoogste Hof van Appèl het egter by monde van Jones AR as volg geartikuleer in par [13]:

“For present purposes I am prepared to accept the proposition (without pronouncing finally upon it) that in appropriate circumstances a farmer in Rudman’s position, who operates through a “family company” may be able to proof and quantify his personal loss in a delictual claim with reference to the loss of income suffered by the company, provided that he does not fall into the trap of regarding the loss to the company as automatically and necessarily equivalent to his personal loss.”

[19] Mnr Steenkamp, namens die Eiser, het argumenteer dat **Rudman** te onderskei is van die feite *in casu*. Hoewel Rudman ‘n boer was, was hy ook ‘n jagter en nie die enigste direkteur of aandeelhouer in die maatskappy waarvan hy die besturende direkteur was nie. Dit was ‘n familiebesigheid waarvan ‘n trust met Rudman self, sy vrou, twee seuns, prokureur en boekhouer as trustees en begunstigdes, die leeuueaandeel aandeelhouding in die maatskappy gehad het. Die eis was vir verlies aan verdienste en toekomstige verdienvermoë spesifiek weens ‘n vermindering in die inkomste wat gegeneer was. Verdermeer was hy nie in staat om aan te toon dat die vermindering sy verdienvermoë waarvoor hy gedagvaar het, neergekom het op ‘n verlies vir homself deurdat sy eie boedel (patrimony) verarm het nie. Rudman kon steeds voortgaan om sy magtige ryk uit te brei.

[20] Mnr Berry het voorts geargumenteer dat die Hoogste Hof van Appèl in **Raath v Nel** 2012 (5) SA 273 HHA die beginsels in **Rudman** *supra* uitgebrei het na trusts en bevind het dat die verlies gelyk deur ‘n trust nie noodwendig ‘n verlies vir die Eiser daarstel nie. Nel, ‘n sakeman wat veral in die

motorhandel besighede besit het, het 'n narkotiseur gedagvaar vir 'n mislukte mediese prosedure wat hom met fisiese en psigiese beperkinge gelaat het. Nel se eis was vir die verlies aan inkomste wat sy maatskappy, Koos Nel Auto, gely het. Ten tyde van die mislukte mediese prosedure was Nel die enigste aandeelhouer van Koos Nel Auto, maar het hy net minder as 'n jaar later sy aandeelhouding en leningsrekening in hierdie maatskappy sowel as al sy ander besighede, aan die Koos Nel Trust verkoop. Hierdie familietrust het bestaan uit Nel, sy vrou (en na haar oorlye sy dogter) en sy ouditeur. Nel was nie 'n kapitaalebegunstigde nie maar na die diskresie van die trustees wel 'n inkomstebegunstigde. Die argument deur Nel se regsverteenwoordiger dat die verlies gely deur Nel se persoonlike boedel bestaan het uit sy verlies om met 'n bate in sy boedel te handel (naamlik die reg om te handel met geld aan homself, of sy kleinkinders as kapitaalebegunstigdes), is verwerp. Die hof het voorts onderskei tussen die periode voor en na die oprigting van die trust, en bevind dat Nel wel kon aantoon dat hy 'n persoonlike verlies gely het in die tydperk voor die trust se totstandkoming deurdat sy leningsrekening in die trust meer werd sou wees indien die Koos Nel Auto, die maatskappy waarvan Nel die enigste aandeelhouer was, nie verlies gely het as gevolg van die mislukte mediese prosedure nie. Dit is heeltemal te begrype dat Nel nie kon handel met die trust se bates nie in die lig daarvan dat hy deur wetgewing en die gemene reg verbied word. (**Raath** *supra* op 279 par [14])

[21] Die eiser moet bewys sy boedel is nadelig geraak. Mnr Berry het toegegee dat die Eiser se verdienvermoë beswaar is, maar was van oordeel dat die Eiser se boedel nie verklein is nie. Volgens hom kon die Eiser nie enige verlies aantoon nie omdat hy steeds maandeliks 'n ledesalaris (trekking) gevorder het ten spyte van sy fisiese beperkinge na die insident. Mnr Berry het argumenteer dat die Eiser se inkomste na die insident nie verminder het nie, maar intendeel jaarliks verhoog het. Hierdie submissie is egter nie heeltemal korrek nie. Uit die finansiële state soos vervat in Bewysstuk "B" blyk dit dat Eiser se jaarlikse ledesalaris gefluktueer het.

- 2001: R195 362;
- 2002: R274 663;
- 2003: R102 059;
- 2004: R 132 791;
- 2005: R109 278;
- 2006: R203 052;
- 2007: R 314 927;
- 2008: R 319 517;
- 2009: R 230 722;
- 2010: R 134 000;
- 2011: R 130 769;
- 2012: R 130 422.

In die lig van ekonomiese invloede is hierdie fluktuasie verstaanbaar. Die Eiser het getuig dat die ledesalaris wat hy

trek uit die BK aangewend word vir persoonlike uitgawes wat gedek moet word.

[22] Mnr Steenkamp het, myns insiens heeltemal korrek, argumenteer dat Eiser se inkomste bestaan uit 'n netto salaris en wins, en dat dít wat betaal moet word aan die plaasbestuurder, minder is wat in sy beursie beland in die lig daarvan dat hy die enigste lid is van die BK. Soos wat hy dit gestel het, dit bly uiteindelik die Eiser wat moet “pa staan” vir hierdie addisionele uitgawe. Dit is gemeensaak dat die boerdery Eiser se enigste bron van inkomste is.

[23] Ek is van oordeel dat hierdie geval 'n voorbeeld is van gepaste omstandighede waar 'n Eiser wel kan aantoon dat die verlies wat deur die BK gely is, 'n verlies vir sy persoonlike boedel is. Die boerdery wat bedryf word in die Hennie Prinsloo Boerdery Bk, is nie 'n familiebesigheid, hetsy 'n BK, maatskappy of trust, waarin enigiemand buiten Eiser self 'n belang het nie. Daar is derhalwe inderdaad 'n direkte verband tussen skade wat die BK ly en skade wat Eiser ly. Die salaris wat aan die plaasbestuurder betaal moet word asook enige byvoordele, is 'n bedrag wat die Eiser minder kry as wat hy sou gekry het indien die aanstel van 'n plaasbestuurder nie nodig was as gevolg van die insident nie. Soos wat dit gestel word in **Otto v Road Accident Fund** [2004] 2 All SA 328 (W):

“To me this case seems to be stronger than that of a person who operates through a family company in as much as for

practical purposes he is the beneficial owner of the company's property which may truly be said to be his alter ego. There would have been no difficulty in the way of his recovering damages sustained by the business had Otto acquired it in his own name. Why therefore should it make a difference that he thought it fit instead to adopt the expedient of acquiring the business in the name of a company? The recognition by the law of a company as a distinct legal entity with its own personality came about for economic and commercial reasons. To disentitle the Plaintiff from compensation on dogmatic grounds would be legalistic in the extreme."

- [24] Die Eiser dra die bewyslas om die bedrag van sy skade aan te toon en sal enige onsekerhede hieromtrent tot sy nadeel en nie tot dié van die Verweerder wees nie.
- [25] Mnr Berry het argumenteer dat die eiser sy eis moet kwantifiseer en dat Eiser nie hiermee suksesvol was nie. Met die uitsondering van enkele aspekte wat ek weldra sal aanspreek, is ek egter tevrede dat die Eiser wel sy verlies kon kwantifiseer. Eiser het toegegee dat hy wel 'n salaris ontvang het tydens die tydperk wat hy na die insident herstel het, en moet die bedrag van R 64 340,00 derhalwe afgetrek word by die somtotaal van historiese skade. Wat reeds gelede verlies betref het die aktuaris mnr IW Morris die salarisse betaal aan die plaasbestuurders plus byvoordele van R 2 500,00 gebruik as basis vir sy berekeninge. Ek het reeds aangedui dat ek hierdie kwantifisering van die byvoordele aanvaar. Die salarisse was in 'n handgeskrewe loonregister aangeteken en het die Eiser data verkry van die

sogenaamde “Africlock” inkloksisteem. Wat Cohen se salaris betref blyk dit dat vir die tydperk vanaf sy indiensneming totdat Eiser sy eie BK gestig het, die HT Prinsloo en Seun BK (met Eiser en sy broer as lede) Cohen se salaris betaal het. Hierdie bedrag beloop R42 798,07, en in die lig van par [23] hierbo trek ek dit tesame met die byvoordeel van R2 500,00 per maand in totaliteit af van Cohen se totale salaris van R 513 383,77 (Bewysstuk “A”). Lemmer se salaris word bereken op R7000,00 per maand (vanaf November 2011 tot November 2012, dus R84 000,00), maar was die totale bedrag aan haar betaal inderdaad R 58 338,96 (Bewysstuk “A”) en moet hierdie verskil in berekening gebring word. Lemmer se byvoordele het ook verskil van die ander twee plaasbestuurders en word dit deur my in ag geneem wanneer ek berekeninge maak. Fourie se salaris van R 68 617,99 is onbetwis (Bewysstuk “A”).

[26] Mnr Steenkamp het toegegee dat die werklike verlies gelyk deur die Eiser “iewers lê tussen die aktuaris se berekeninge en die bedrae soos hierbo vermeld.” Wat toekomstige verlies betref is ek tevrede dat hierdie bedrag aanvaar kan word en is daar alreeds vir gebeurlikhede (contingencies) voorsiening gemaak.

[27] Dit is n onbenydenswaardige taak om ‘n juiste berekening te maak van die skade wat Eiser gelyk het, dog onthef dit my nie van die verpligting wat hieromtrent op my rus nie. Hoewel dit die ideaal is om ‘n wiskundige berekening te maak in plaas van ‘n afgeronde skatting, (**Southern Insurance**

Association Ltd v Bailey NO 1984 (1) SA 98 (A) op 114A) het ek gepoog om so na as moontlik aan die aktuaris se berekeninge (verslag gedateer 18 Februarie 2014, aftreeouderdom 65) te bly, inaggenome die aftrekkings soos hierbo na verwys, en is die afgeronde berekening waartoe ek kom as volg:

Reeds gelede verlies: R 530 000,00

Toekomstige verlies: R 625 890,00

[28] Wat koste betref het mnr Berry toegegee dat die Eiser grootliks suksesvol was met sy eis, maar het aangevoer dat die Verweerder op die dag van die verhoor eers die kwantum van sy skade gewysig het en dat die reeds gelede mediese uitgawes insgelyks op die dag van die verhoor geskik is. Ek is egter tevrede dat die Eiser substansieel suksesvol was en sien geen rede om af te wyk van die reël dat koste die geding behoort te volg nie.

[29] Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. Die Verweerder word gelas om 80% van die volgende bedrae te betaal:
 - 1.1 Eiser se reeds gelede mediese uitgawes ten bedrae van R 114 541,23.
 - 1.2 Algemene skade ten bedrae van R 350 000,00.
 - 1.3 Reeds gelede en toekomstige verlies ten bedrae van R 1 155 890,00.

2. Rente op die voormelde bedrae teen 15,5% per jaar bereken vanaf datum van vonnis indien betaling nie binne 14 dae geskied nie.
3. Die Verweerder word gelas om aan Eiser 'n sertifikaat van onderneming in terme van artikel 17(4) van die Padongelukkefondswet 56 van 1996 te verskaf ooreenkomstig die Verweerder se onderneming om 80% van alle toekomstige mediese- en hospitalisasiekoste, soos bedoel in die betrokke artikel, te dek.
4. Koste van die geding, welke koste sal insluit die koste van die deskundiges Prof EE van Zyl, Dr HJ Cilliers en Mnr IW Morris.

C. REINDERS, WnR

Namens Eiser:

Adv Steenkamp
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens Verweerder:

Adv Berry
In opdrag van:
Webbers
BLOEMFONTEIN